

25 April

Dis toe nie altyd die duiwel se skuld nie!

Skrifgedeelte: Efesiërs 4: 17-24
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:22, 23

Uit 1 en 2 Tessalonisense en uit baie ander dele van die Bybel is dit duidelik dat die duiwel op allerhande maniere ons in die versoeking stel om ons Here te verloën. Hy is die leuenaar van die begin af, die wettelose moordenaar.

Ons sê dan ook dikwels dat dit hy is wat ons verlei het om te sondig. Maar dit is nie die hele waarheid nie! Ons staan self ook skuldig. Wanneer die Here sy volgelinge bemoedig om vir Hom te lewe, noem Hy die oorsaak van ons sondige gedrag op die naam: dis julleself! Dis die ou mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word, deur die begeerlikhede van die verleiding vernietig word.

Dis nie God se skuld dat ons sondig nie, en dis ook nie net die duiwel se skuld nie. As ons ons nie van harte tot God bekeer en Hom in 'n nuwe lewe dien nie, sal ons telkens weer terugval na 'n lewe waarin Hy nie die eer kry nie.

Dis die Here se raad vir wankelende gelowiges wat kort-kort in sonde val: Moenie so 'n wipplank lewe lei nie. Breek in die krag van God se Gees met jou ou lewe, want deur jou geloof in Jesus Christus is jy nou mos 'n nuwe mens. Dink en doen dan ook alles soos 'n mens wat geheilig is, vir God afgesonder! Die Heilige Gees maak dit vir ons moontlik!

Sing: Psalm 79:5, 6 (1936-beryming)

Ds. Nico Botha (Emeritus)